



Lêerno.: 21/2/3/1/Sosiale Wetenskappe

Verwysing: 20220131-9429

Kurrikulum AOO-minuut: 0003/2022

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Prinsipale, Departementshoofde, Sosiale Wetenskappe-onderwysers

Onderwerp: Viering van die 25ste herdenking van die Grondwet van Suid-Afrika deur die Aanhef in alle skole in werking te stel

1. Alhoewel baie mense 2021 sou wou beskou as die jaar wat eerder vergete wil bly, is dit belangrik om kennis te neem dat dit die herdenking was van ons Grondwet, wat in 1996 in werking gestel is.
2. Ter ere van ons Grondwet en die landswet, wil ons graag hê dat alle skole 'n tydjie afknyp tydens saalbyeenkomste, registrasieklasse, of enige ander geleentheid vir leerders om die besielende woorde van die Aanhef te lees en daaroor na te dink.
3. Ons moet sorg dat die Aanhef tot die Grondwet 'n mantra vir ons jeug word sodat hulle hulle rolle, verantwoordelikhede, ideale en regte as burgers van Suid-Afrika kan verwesentlik. Skole moet by elke moontlike geleentheid leerders toelaat om die Aanhef te lees sodat hulle bewus kan word van hierdie wonderlike dokument wat ons land regeer.

4. **AANHEF TOT DIE GRONDWET VAN SUID-AFRIKA**

Ons, die mense van Suid-Afrika,

Erken die ongeregtighede van ons verlede;

Huldig diegene wat vir geregtigheid en vryheid in ons land gely het;

Respekteer diegene wat hul beywer het om ons land op te bou en te ontwikkel; en

Glo dat Suid-Afrika behoort aan almal wat daarin woon, verenig in ons verskeidenheid.

Daarom neem ons, deur ons vryverkose verteenwoordigers, hierdie Grondwet aan as die hoogste reg van die Republiek ten einde:

- *Die verdeeldheid van die verlede te heel en 'n samelewing gegrond op demokratiese waardes, maatskaplike geregtigheid en basiese menseregte te skep;*
- *Die grondslag te lê vir 'n demokratiese en oop samelewing waarin regering gegrondves is op die wil van die bevolking en elke burger gelyk deur die reg beskerm word;*
- *Die lewensgehalte van alle burgers te verhoog en die potensiaal van elke mens te ontsluit; en*
- *'n Verenigde en demokratiese Suid-Afrika te bou wat sy regmatige plek as 'n soewereine staat in die gemeenskap van nasies kan inneem.*

Mag God ons mense beskerm.

Nkosi Sikelel' iAfrika. Morena boloka setjhaba sa heso.

God seën Suid-Afrika. God bless South Africa.

Mudzimu fhatutshedza Afurika. Hosi katekisa Afrika.

5. Prinsipale word versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle Sosiale Wetenskappe-onderwysers te bring.

GETEKEN: H MAHOMED

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2022-02-03